# HOOFSTUK 4

# 'N NARRATIEF-PASTORALE VERRYKING IN DIE SOEKE NA HOOP

## 4.1 Inleiding

Mense gee betekenis aan hulle lewens deur stories. Hierdie stories word gebaseer op hulle ervaring van die lewe. Lewe en stories staan in verhouding tot mekaar. Sommige stories is vir mense meer dominant as ander. Die aard, inhoud van die stories en intensiteit waarmee dit belewe word, vul mense met hoop of hooploosheid. Die storie van verlies is geen uitsondering nie. Om mense te begelei om bevrydend hulle storie te vertel, ten einde met hoop vervul te word, kan die pastor gebruik maak van 'n *narratiewe metode*. Hierin sal die "narratiewe betrokkenheid" van die pastor en geloofsgemeenskap 'n belangrike rol speel, omdat dit nie maar bloot gaan om " ... rasionele, dialogiese diskoerse nie, maar om 'n ervaring van die geheel van die verhaal en 'n totale betrokkenheid daarby" (kyk Müller 1996:15). Gevolglik merk Neuger (2001:87) soos volg op: " ... narrative therapy is not primarily a set of techniques or a science of behavioral change. It is a philosophy grounded in a belief that deep within their own stories people have the resources and possibilities to create less problematic and more productive lives – often called preferred narratives". Die uitgangspunt van die narratiewe benadering is dat mense en probleme nie gelyk met mekaar gestel kan word nie. Mense is mense en probleme is probleme. Daarom sal die pastorant 'n "relationship" met die probleem hê, maar nie self die probleem wees nie.

Die betekenis wat storievertelling kan hê vir mense in nood, kan verryk word met die model wat in die narratiewe benadering gebruik word. Vir Neuger (2001:86) is die narratiewe benadering " ... grounded in a constructionist set of assumptions". Dit beteken dat mense betekenis konstrueer en dat die betekenis

wat mense toeken aan hulleself en aan hulle ervarings neerslag vind in hulle identiteit, sodat die lewe werklik geleef kan word. Die uitgangspunt van die sosiaal-konstruksionistiese benadering is dat kennis nie die werklikheid is nie, maar eerder 'n weerspieëling is van die sosiale proses waardeur dit tot stand gekom het (kyk Gergen 1985:269-270). Op eie bodem bou E Kotzé & DJ Kotzé (1997:27) uit op die werke van White en Epston. Die sosiaal-konstruksionistiese diskoers is vir hulle 'n postmoderne benadering wat 'n betekenisvolle raamwerk bied vir die terapieë wat die *gesprek* (narratief) as model gebruik om mense mee te help.

Hoewel ek nie van mening is dat die werke van Kotzé & Kotzé (1991; 1993; 1997) teenoor dié van Müller (1996; 2000; 2002) staan nie, kies ek vir Müller in hierdie studie. Beide werk met die narratiewe benadering vanuit 'n post-moderne epistemologie. Hoewel die keuse vir Müller subjektief mag voorkom, doen ek dit om twee redes. Eerstens moes daar vanweë die omvang van hierdie studie 'n seleksie gedoen word en tweedens spreek die werk van Müller my aan en wou ek daarvan gebruik wou maak om die pastorant se storie van verlies te verryk met die gebruikmaking van 'n model van die narratiewe benadering. In die narratiewe benadering gaan dit oor die lewe van mense en hierdie lewe is nie 'n prosesmatige gebeure nie. Prosesse kan beheer en bestuur word. Die lewe van Christengelowiges wat *coram Deo* geleef word, is ervarings van hulle lewens en word geken deur goed en sleg, deur hoop en hooploosheid. Deur narratiewe verrykking en betrokkenheid kan mense begelei word om hoopvol hulle stories te kan vertel.

Freedman & Combs (1996:1) bou verder hierdie aspekte uit wanneer hulle van oordeel is dat " ... the narrative metaphor leads us to think about people's lives as stories and to work with them to experience their life stories in ways that are meaningful and fulfilling." Müller bevind homself in die paradigma van die hermeneutiese pastoraat (kyk Müller 1996:[i]) en meen op grond daarvan dat alle handelinge kommunikatief van aard is (kyk Müller 1996:16). Dit gaan vir hom nie

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

om blote handelinge nie, maar om die bedoeling en motivering wat sodanige handelinge ten grondslag lê (Müller 1996:19). Dit beteken dat die narratiewe 'n verlengstuk van die hermeneutiese is. In sy bespreking van Heitink (1993:18) se omskrywing van wat Praktiese Teologie is, is Müller (1996:16) van mening dat die verhalende element van kommunikasie nie in die hedendaagse Praktiese Teologie aan die orde kom nie.

Freedman & Combs (1996:87-118) meen dat die narratiewe benadering gekenmerk word deur 'n aantal eienskappe. Die narratief is nie vir hulle stories oor die lewe in die algemeen nie. *Narratiewe stories* niks minder as die *lewe self* wat deur mense geleef word nie. Dit bied na my mening uitdagings wanneer die storie van die pastorant in die rouproses vertel word, aangesien die stories wat die pastorant met die pastor deel, *unieke, persoonlike* en *kosbare,* maar ook hooplose *stories* is, wat vra na hoop.

Riet Bons-Storm (1991; 1992; 1996) en Christie Cozad Neuger (2001) is vroue wat beide 'n pastoraal-narratiewe benadering volg. Bons-Storm (1996:46) werk in haar benadering met die "self-narrative ... in pastoral communication". Sy gebruik die begrippe "narratief" en "storie" as sinonieme en uitruilbare terme van mekaar en is van mening dat "'[S]tories' may be thought of as micro-narratives in the structure of a broader narrative". Neuger (2001:188) meen vanuit 'n pastoraal-narratiewe ondersoek dat die effektiewe gebruik van die narratiewe benadering daartoe kan lei dat mense oortuig is dat díe vorm van pastorale berading hulle tot voordeel strek. Vir haar is die narratiewe benadering 'n proses van "choice-making". "When counselees begin to realise that they do have choices and at least some power to make meaning out of their life experiences, they begin to have confidence in a future story that has value for them" (Neuger 2001:188).

Daar is reeds in hoofstuk 1 gestel dat daar nie epistemologies van die totale narratiewe benadering gebruik gemaak word nie. Die benadering van Epston,

White, Freedman, Combs, die Kotzé's en Müller is 'n epistemologie wat die totale terapeutiese (pastorale) benadering beïnvloed. Wanneer daar van die insigte van die narratiewe benadering gebruik gemaak word, maak ek hoogstens gebruik van 'n *narratiewe metode* van die narratiewe benadering. Die doel daarvan is om die pastorant te begelei om sy of haar storie van verlies uiteindelik hoopvol in God se teenwoordigheid te vertel. Derhalwe is hoofstuk 4 nie 'n praktiese toepassing op grond van die teorie van die vorige hoofstukke nie. Alhoewel daar in hierdie studie heelwat teoretiese onderbou te bespeur is, is daar nie gepoog om die psigologiese, sosiologiese, teologiese of ander teorieë voor te hou asof dit die alleen werklikheid is nie.

Deur die gebruikmaking van 'n narratiewe metode word daar aangedui dat 'n hoopvolle verhaal gerekonstrueer kan word, deur by mense hulle storie te hoor. "Daar word uitgegaan van die standpunt dat 'n storie wat 'n vloei het van die verlede na die toekoms, die nodige veranderingspotensiaal bevat wat by daardie betrokke sisteem pas" (kyk Müller 1996:105). Hoopvolle verhale word gerekonstrueer wanneer mense se storie gehoor word. Pastorale verrryking kan vir die pastorant plaasvind deur sirkulêr te beweeg tussen praxis-teorie-praxis. Müller (1996:97) praat van " ... 'n voortdurende heen-en-weer-beweging [wat] plaasvind tussen politiek (praktyk) en semantiek (betekenis)".

Die pastorant wat hooploosheid weens sy of haar verlies beleef, verkeer in 'n doodloopstraat en soek na bevryding uit en hoop in sy of haar nood. Müller (1996:21) sê: "[J]uis omdat jou storie nie net 'n verslag is nie, maar ook 'n verklaring, bring jou storie jou soms voor die onverklaarbare wat verklaar moet word. Dan figureer die woord 'God'". Hierdie intense betrokkenheid en meelewing van die pastor, vra dat hy of sy te alle tye op die uitkyk behoort te wees vir *unieke uitkomste*. Gevolglik sal die pastor voortdurend saam met die pastorant soek na die verledeverhaal, ten einde te bepaal watter *uitwerking en gevolge* die verlies wat gely is, op die *lewe en verhoudinge* van die pastorant gehad het en hoe daar na bevrydende moontlikhede gesoek kan word.

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

Wanneer die oomblik van die unieke uitkoms wel plaasvind, behoort die pastor die pastorant uit te nooi om 'n *alternatiewe storie* te vertel. Freedman & Combs (1996:92/95) waarsku dat die pastor *nie te vinnig* beweeg om 'n nuwe storie te *rekonstrueer* nie. Sou dit wel gebeur, kan die Christelike hoop steeds 'n vergesig bly. Die verliesgebeure behoort in die alternatiewe storie weer *herleef* te word, maar met hoop. Dit is belangrik dat die pastorant soveel moontlik beskikbare inligting sal verskaf aangaande die verliesstorie. Daardeur raak die pastorant *self intens betrokke* by sy of haar eie storie en is dit soveel makliker om die verliesgebeure te herleef. Voorts wys Freedman & Combs (1996:98) op die belangrikheid dat elke storie 'n aantal *karakters* bevat en dat elke karakter 'n *ander blik* op dieselfde gebeure werp. Daar is reeds hierbo in hoofstuk 2.4.1 aangedui dat mense wel dieselfde verlies mag ly, maat dat dit hoegenaamd nie beteken dat hulle dieselfde op die verlies reageer nie. Die pastorant behoort uitgenooi te word om *vrae van betekenis* aangaande die verlies te vra. Hierdie betekenisvrae word beïnvloed deur mense se *motiewe, waardes, norme, implikasies, begeertes, intensies en verbintenisse*.

Die pastor mag nie absolute uitsprake te maak (kyk Freedman & Combs 1996:118), wat uiteindelik die rouproses in die wiele ry nie. Die pastor behoort meelewend saam met die pastorant te soek na hoop midde-in hooploosheid. Ter wille van narratiewe verryking en betrokkenheid behoort die pastor die posisie in te neem van "weet-nie". Francis Bridger & David Atkinson (1988:275 & 276) stel dat die narratief " ... helps people to feel that they understand their world. Human beings call upon the narrative form when they need to present a meaningful account of experience to themselves and others ... [K]nitting events together in time effectively unites past to present and future ". Die storie van hooploosheid wat mense vertel, is nie alleen die pastor se hulp om meer inligting te verkry vir die hier-en-nou (*hede*) nie, maar ontvou ook die wyse waarop mense betekenis aan hulle lewens in die *verlede* gegee het, en die soeke na nuwe, hoopvolle betekenis vir die *toekoms*.

## 4.2 Die verband tussen metafore en narratiewe teologie

Daar is in hoofstuk 4.1 hierbo gewys hoe die narratiewe 'n verlengstuk van die hermeneutiese is. Die hermeneutiese benadering is geïntereseerd in die storie van 'n bepaalde situasie, asook in die storie van die storie, met ander woorde, in wat die storie ten grondslag lê. Verhale en hermeneutiek is in mekaar geweef – die een kan nie sonder die ander nie. Verhale lê verbande, sodat verhale binne 'n wyer verstaanbare konteks opgeneem word. Alle lewensstories is ingebed in 'n bepaalde kulturele konteks. Hierdie kulturele konteks is vir Stroup (1981:109) die "social nexus" van die storie. Vir Laird (1991:430) is sosio-kulturele narratiewe betekenisvol, deurdat dit help om die konteks van die narratief beter te verstaan. Malina ([1981] 1993:117-148) wys daarop dat waar die familielewe in die Bybel die belangrikste sosiale instelling was, dit nie meer vandag die geval is nie.

"Verhale wat ontrafel word, lei tot verstaan en die ontstaan van nuwe verhale – nog steeds dieselfde toutjies, maar met nuwe knopies en daarom met nuwe relevansie vir mekaar ... Êrens in elke knopie (verhaal) is daar ook die (dikwels onsigbare) toutjie van God se verhaal" (Müller 1996:[ii]). Louw & Müller (2002:341) merk op dat: "[U]it ons ervarings uit die verlede en die hede projekteer ons beelde van hoe ons bestaan in die toekoms sal wees. Deur verbeelding oriënteer ons ons, teken ons 'n padkaart vir die toekoms, verbeel(d) ons ons 'n nuwe werklikheid, kyk ons dieper, sien ons meer". Beelde en verhale is geïntegreer met mekaar. Verhale word in beeld-taal vertel. Taal vertel hoe beelde ervaar word. Gerkin (1984:53) sê dat menslike ervarings beïnvloed word: " ... at the point of the connection between experience and idea, between the occurrence of events and a language of meaning for those events". Deur die gebruik van taal word daar aan ervarings betekenis gegee. Deur ander woorde te gebruik, word ander betekenis aan ervarings gegee. "Vanweë die metaforiek van beelde is dit nie altyd maklik om die 'nuwe knopies' in die toutjies te ontknoop nie, omdat die nuwe relevansie van die ou knopies nie altyd duidelik is nie. Dit is soms moeilik om die toekoms te verbeeld, omdat nie altyd maklik

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

herinterpreteebaar is nie. Deur taal verander mense in die hier-en-nou na 'n toekomsbeeld toe" (Müller (2000:42).

### 4.2.1 Ervaring, ver-beeld-ing en verandering

In hoofstuk 2.4.5 uitgebreid is aangetoon hoe mense hulle verlies as momentele gebeure in die rouproses ervaar. Hierdie *ervaringsmomente* beïnvloed die *ver-beeld-ingsmomente* van hulle ervaring. Ver-beeld-ing maak dit moontlik dat verandering kan plaasvind, omdat ver-beeld-ing lei tot 'n herinterpretasie en rekonstruksie van die werklikheid. Müller (1996:122, 138-139) meen dat verandering plaasvind omdat dit aanleiding gee tot 'n herontdekking van waardes waardeur 'n nuwe vertel van die verhaal moontlik geword het. Meer onlangs sê Müller (2000:42): "'n Mens verander na 'n toekomsbeeld toe". Deur die herinterpretering van die verlede, kan mense uitgenooi word om hulle toekoms hoopvol te ver-beeld. "The biblical text, in all its odd disjunctions, is an offer of an alternative script ... " (Brueggemann 1995:320). Vir Brueggemann is die teoretiese aspekte in die ver-beeld-ing van ervaring, die sogenaamde metaforiese narratiewe teologie.

### 4.2.2 Metafore, ver-beeld-ing en verandering

Bartholomew (1998:102) meen dat die Bybel vir Brueggemann 'n "army of methapors" is. In die ver-beeld-ing van God, behoort die pastor daarop let dat die pastorant die vraag na lyding en gevolglik na sin, op verskeie maniere vra. Die pastor behoort versigtig te wees om nie met eie vooronderstellinge en eie beperkte Godsbeelde, die Godsbeelde van die pastorant te wil veroordeel of beoordeel nie. Hallewas (1989:126) merk op: "Daar komt bij dat een antwoord ... bepaald word door de positie van de vraagsteller". Die pastor kan nie die pastorant van God vertel, voordat hy of sy nie self van God vertel het nie. Vir Hallewas word die teologiese waarheid van die pastor bepaal deur wie hy of sy *OP DIE SPESIFIEKE MOMENT* is. Hiervolgens merk Meyer (1988:6) op dat daar nie noodwendig 'n *regte manier* is waarop die pastor die pastorant behoort

by te staan nie. Ten minste behoort die pastor die pastorant se storie bo sy of haar eie storie te plaas.

Tydens die verloop van die pastorale gesprek is dit van belang dat die pastor *daar sal wees*. Aanraking en gesprek is belangrik. Die pastorant behoort op geen stadium geforseer te word om vinniger die rousmart te verwerk nie. Indien dit gebeur, speel die pastor die rol van die " ... meer- en beterweter" (Müller 2000:17). Dit sal wantroue skep in die bemagtiging van hoop in rousmart.

Omdat die pastor dikwels een van die mees betekenisvolle persone tydens rousmart is, behoort die pastor sy of haar eie rol self eers te ver-beeld, alvorens daar met die verhaal van die pastorant omgegaan kan word (kyk Oates 1977:4; vgl Louw 1997:94). Oates (1997:14) huldig dieselfde standpunt na twee dekades dat dit primêr in nood daarom gaan dat die pastor God as *present* sal voorleef, as versekering dat mense in nood, nooit alleen is nie. Terselfdertyd is dit God se bevestiging aan die pastor wat mense in hulle nood behoort by te staan. Dit gaan nie om wat gesê of gedoen word nie, maar om 'n *Wie* waarmee daar saamgeleef word midde-in verlies.

Daar behoort in die rouproses nuwe klem geplaas te word op die verhouding met God wat as Mede-lyer, bepaalde medelye in menslike lyding het en wil hê. Waar Christengelowiges God se teenwoordigheid as 'n liefdevolle bevryding uit hooploosheid ervaar, wil hulle sê: *"Waar daar hoop is, is daar lewe"*. Buite Jesus Christus om, sal alle hoop eindig in wanhoop en leegheid. God se teenwoordigheid soos ver-beeld in die Jesus-gebeure, is vir Christengelowiges hoop wanneer hulle hoop wil doodloop. Hoop sal vir Christengelowiges altyd gebou wees op die belofte van God wat in die kruis en in die Gekruisigde NÓÚ waar geword het. Daarom kan pastor en pastorant nie gefokus wees op die bron van lyding en verlies nie, maar behoort die bron van hoop, God self, midde-in hooploosheid opnuut ver-beeld te word. Wanneer daar na hoop verwys word, kan daar nie by Jürgen Moltmann (1967) verbygegaan word nie. Moltmann dui

aan dat hoop gefokus word op die belofte van God (kyk Moltmann 1967:103-106; vgl Louw 1984:31; 1997:510). 'n Belofte is die bevestiging van 'n realiteit wat aan die kom is, maar wat nog nie bestaan nie. 'n Belofte skryf 'n oop einde aan die toekoms toe, daarom is belofte-taal ook metaforiese taal, omdat dit reeds iets sê oor wat nog nie gesê kan word nie. 'n Belofte maak los en vry van wat in die verlede as verlies en trauma beleef is. 'n Belofte is die brugbouer wat in die hede (NÓÚ) die verlede en die toekoms aanmekaar bind. 'n Belofte is die verwaqting dat die toekoms, wat vir Christengelowiges in die NÓÚ aangebreek het, vervul sal word uit die verlede. "A promise is a declaration which announces the coming of a reality that does not yet exist" (Moltmann 1967:103).

Müller (1988:116) meen dat dit die pastor se rol is om:

- *'n eie geloofsvoorveronderstelling te visualiseer*: die pastor behoort 'n raamwerk vir sy of haar eie gedagtes en optrede te skep, sodat die hulp uiteindelik geloofshulp as lewenshulp sal wees. Hierdie raamwerk is egter nie die absolute wat op die pastorant afgedwing mag word nie.

- *'n eie houding en gesindheid te bepaal*: die motiewe van die pastor is dikwels deurslaggewend. Die pastor se pastorale diensmotief behoort voort te spruit uit Jesus Christus se liefdevolle daar-wees vir mense. Dit gaan om die belange van die pastorant en nie die pastor nie.

- *'n ontmoeting deur die Heilige Gees te skep*: die basis van enige pastorale gesprek word begrond vanuit die genadige teenwoordigheid van God. Die pastor behoort as rigtingwyser en beeldsender, ver-*beeld*-end na God te wys, wanneer hy of sy sê: " ... Hom wat ons ***gesien*** en ***gehoor*** het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons ***gemeenskap*** deel kan hê" (1 Joh. 1:3).

Hoewel die pastor 'n belangrike rol in die verwerking van die rouproses speel, mag sy of haar verantwoordelikheid nooit verhef word asof die pastorant nie sonder die pastor hoopvol voor God en saam met God kan leef nie. God is en bly altyd pneumaties-eskatologies teenwoordig by mense. Bas van den Berg (in Ligtenberg 1995:9) merk op: "[D]aarbij gaat het om de vraag of en hoe we vormen van angst en vertrouwen bij onszelf en anderen kunnen herkennen, kunnen verwoorden en welke rol *beelden* daarin spelen". Om die on-sê-bare God metafories sê-baar uit te druk, bied midde-in angs en verlies 'n forum vir vertroue, hoop en singewing, omdat God self ook midde-in die angs saam met mense lewe.

Indien daar van die veronderstelling uitgegaan word dat dit in rousmart gaan om die verwerking en oorkoming van die eie ek, wat in die middelpunt staan, behoort die pastorant se selfbeeld in diens gestel te word van God, ten einde sinvol en hoopvol midde-in verlies te leef. Die "ek is ... " van die pastorant behoort die "Ek is ... " diakonies te ver-beeld. Om dit te kan doen, oordeel ek behoort mense in rou drie belangrike rouverantwoordelikhede te dra. Die drie verantwoordelikhede het ten doel om vanuit die angs weens die verlies, vertroue te wek, om vanuit die leegheid sinvol te leef deur in hulle hooploosheid hoop te ontdek en vanuit die "ek is"-beeld, in ontmoeting te tree met "Ek is ... ". Hierdie verantwoordelikhede sien soos volg daar uit:

- In die pendulumswaai tussen angs en vertroue, tussen leegheid en hoop, tussen sinloos en sinvol, tussen verlies en wins is dit noodsaaklik dat mense hulle emosies *herken, erken, verwoord en orden.*

- Tweedens behoort mense in rou hulle eie *leefwêreld en dus hulle eie storie van verlies te ken en te verstaan.* Geslagtelikheid, taal, sosio-maatskaplike omstandighede, geloof, sowel as 'n eie godsdienstige en sosio-politieke voorkeur sal hierin 'n rol speel.

- Laastens behoort die verhaal, met die pendulum gefokus op vertroue, hoop en singewing, weer *vertel te word en geherinterpreteer te* word, ten einde hoop midde-in verlies te beleef.

### 4.3 Narratiewe verryking deur pastorale betrokkenheid

In Suid-Afrika het die praktiese teoloog, Julian Müller belangrike werk verrig met *Om tot verhaal te kom* (1996) en *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering* (2000). Müller (2000:10) sluit aan by Freedman & Combs wanneer hy stel dat: "[D]ie verhalende benadering het ontdek dat mense nie net vir interessantheid of vermaaklikheid stories vertel nie, maar dat die grein van die lewe deur verhale blootgelê word".

Hierdie opmerking van Müller steun terselfdertyd my keuse om met 'n narratiewe metode te werk. Ek meen dat mense se stories juis nie enkelvoudige ervarings is nie. Elke storie wat deur iemand vertel word, is ingeweef in die somtotaal van ervarings van daardie persoon. Terselfdertyd vertel mense stories, omdat dit gewoonlik die boodskap van hoop dra of andersins 'n boodskap van 'n soeke na hoop uitstuur. Waar daar in hierdie studie gefokus word op mense se belewenisse van hooploosheid en hulle soeke na sin midde-in verlies, is die stories wat hulle vertel, dié van 'n soeke na bevryding uit hooploosheid.

Aangesien Müller in *Reis-geselskap* (2000:72-103) met dieselfde *vyf bewegings* as metode van die narratiewe benadering werk, as in *Om tot verhaal te kom* (1996), volstaan ek met opmerkings uit sy nuutste perspektiewe. Hy nooi die pastor uit om hierdie *vyf groot bewegings* in die pastorale gesprekvoering uit te voer, maar waarsku dat die vyf bewegings " ... wel vorder van een na vyf, nie ... suiwer linieêr verstaan moet word nie" (Müller 1996:98). Die bewegings is:

#### 4.3.1 Die noodverhaal

Die noodverhaal is 'n verhaal van nie-meer-weet-nie. Dit is 'n verhaal van hooploosheid. Dit is 'n *nood*-kreet. Die taak van die pastor is om die pastorant

te begelei om die storie van nood so uitvoerig moontlik te vertel. Die pastor behoort 'n goeie luisteraar te wees, aangesien hy of sy mense behoort te begelei, wat deur hulle eie verhaal van nood verblind is. Die storie van verlies is 'n storie van nood. Wanneer hulle oor hulle nood praat, dui mense aan dat die verlies wat hulle gely het, hulle in 'n doodloopstraat laat beland het. Die narratiewe model as verryking, soos deur Müller (1996:107-140) uitgewerk, kan die pastor ondersteun in die begeleiding van die pastorant na hoop midde-in rousmart. Die pastor behoort die pastorant te begelei om die *verhaal van nood* te ver-beeld, sodat die rou van die pastorant (storie van verlies) op die vlak van die *bewuste* gekommunikeer kan word. Bargh (1999:462; vgl Vollmer 2001:637) stel dat " ... most of a person's everyday life is determined not by their conscious intentions and deliberate choices but by mental processes that are put into motion by features of the environment and that operate outside of conscious awareness and guidance".

Wanneer Müller (1996:110) vir Keith en Whitaker aanhaal, word die verhaal van nood omskryf as " ... 'n komplekse videofilm met 'n verwronge tydraam". Die taak van die pastor is om 'n veilige milieu te skep wat sekuriteit bied, ten einde dit vir die pastorant moontlik te maak om oor die rou te praat. Om dit reg te kry behoort die verlede, of te wel die *verhaal met 'n storie*, so volledig moontlik verreken en verdiskonteer te word. Omdat die pastorant se verhaal 'n doodgeloopte storie (kyk Müller 1996:101) is, is dit noodsaaklik dat die storie weer vertel sal word. Bevryding uit hooploosheid na 'n sinvolle belewenis van hoop ten spyte van verlies, vind plaas wanneer die doodgeloopte storie en die onontwikkelde toekomsstorie in één storie ontwikkel.

Müller (2000:74) stel dat dit nie nou gaan om *interpretasies* van wat *gebeur* het nie, maar " ... om ***wat*** gebeur het". Dit help om " ... nie so haastig te wees met *storymaking* ... " nie, want "[O]ns moet eers genoeg aandag aan die *storytelling* bestee". Oorhaastigheid kan nie die soeke na hoop dien nie. Die pastorant het

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

'n eie storie om te vertel, waarin daar gesoek word na hierdie teenwoordigheid van hoop.

### 4.3.2 Die storie van die verlede

Müller (2000:76) sê dat die noodverhaal ook 'n verledeverhaal is. Tog oordeel hy dat daar meer in die storie van die verlede is, as net nood. Vir hom is dit belangrik dat die storie van die verlede nie bloot sal fokus op die nood nie, maar dat dit sal *lig werp* op die nood. Die pastor is saam met die pastorant besig om aan die hand van die Woord van God as soeklig, lig te werp op die donker kolle van nood en hooploosheid, sodat dit verlig kan word. *Storymaking* is eers moontlik wanneer die verlede deeglik vertel is. Dit bied aan die pastor uitdagings om empaties in te beweeg in die wêreld van mense wat verlies gely het. Waar daar in hierdie donker wêreld van nood inbeweeg is, kan daar ontdek word hoe *rou* rousmart werklik is en hoe intens mense betrokke is by die verlies wat hulle gely het.

Waar die pastor empaties die intense verlies meeleef, kan daar saam met die pastorant gesoek word om hierdie selfde verlies wat eers hooploosheid te weeg gebring het, in te span dat dit nuwe horisonne open. Die pastor behoort daarop te let dat daar met hierdie kommunikatiewe proses nie net teruggeroep en teruggegryp word na die verlede nie, maar dat die verlede weer herbelewe word in 'n soeke na hoop en bevryding. Krisisse van mense word dikwels opgelos wanneer dit ingetrek word in die "groter verhaal". Sin en hoop kan gebou word wanneer mense se kleiner verhale 'n *heel* verhaal word (kyk Dreyer 2000:178). Die punt waar die verhale holisties bymekaar uitkom is vir Bons-Storm (1989:63) die *kruispunt van hermeneutiese sirkels*. Hier word die toekomsstorie van *hoop teen alle hoop in* reeds gebou vanuit 'n herbelewenis van die verlies van die verlede. Gerkin (1984:122) meen dat die hermeneutiese vrae van die lewe gevra behoort te word wanneer mense aan die einde van hulle pad gekom het en die visie (perspektief) wat hulle vir die toekoms gehad het, negatief beïnvloed is. Wanneer die pastor in die pastorale interaksie hom of haar vasloop in "botsende

stories" en hy of sy van Godsbeelde gebruik maak om die rouproses te verryk, is dit van belang dat daar gelet word op hoe God vanuit die Skrif ontmoet kan word (kyk Stroup 1981:91).

In hoofstuk 5.2.3 hieronder word die storie van die verlede ook aangedui as die *eintlike storie*. Die verlede is die boumateriaal waarin daar ver-beeld-end met God na 'n hoopvolle toekoms uitgereik word. Die verlede mag nie vergeet word nie. Dit is die lens waarna mense na die toekoms kyk. Dit is nie moontlik dat mense sal weet waarheen hulle oppad is, as hulle nie terdeë bewus is van waar hulle vandaan kom nie. Derhalwe stel Müller (2000:77-78) dit treffend: "'n Mens sou die saak ook anders kon stel en sê dat om gesond te word (heilsaam/*hoopvol*) te kan vergeet, dit eers nodig is om goed te onthou" (eie kursivering).

### 4.3.3 Die verduisterde toekomsverhaal

Waar die verlede verhaal gestalte aangeneem het, behoort die toekomsverhaal nog te ontwikkel en te ontvou. Hierdie toekomsverhaal is soms 'n *onvertelbare verhaal*, omdat daar sekere emosies is wat die pastorant nie onder woorde kon bring nie. Hierdie onvertelbare verhaal noem Müller (2000:87) die verduisterde toekomsverhaal of die *unstory*. Hierdie konsep van *unstory* is terug te lei na Joan Laird (1991:437), wat gepraat het van " ... the story that is not there". Sy meen dat sommige stories altyd "unstoried" sal bly. Hierdie "unstoried" stories manifesteer vir Bons-Storm (1996:57) in pynlike en skaamervarings, waar hulle weggebêre word " ... in a closet, the doors shut".

Omdat daar met die toekomsstorie hoop gebring word uit 'n hooplose verlede, vra dit groter empatie van die pastor. In die lig daarvan merk Müller (2000:91) op dat " ... die werklike hermeneutiese vrae van die lewe gevra word wanneer jy aan die einde van jou pad gekom het, wanneer jy nie meer weet hoe nou vorentoe nie, wanneer jou toekomsperspektief versteur geraak het". Wanneer mense se pad geblokkeer word, wanneer hooploosheid hoogty vier en die nood

hoog loop, kan die hoopvolle, bevrydende vrae na hoop nie meer ontwyk word nie. Die pastor behoort die vrae aan die pastorant op so 'n wyse te stel dat hy of sy weer eens die pad voor hom of haar sal kan sien, wat as gevolg van die verlies van die verlede verduister geraak het. Om weer hierdie pad te kan sien, is niks anders as dat die pastorant God weer hoopvol, radikaal immanent, alom- en andersteenwoordig midde-in sy of haar nood sal sien.

Die pastor kan die pastorant hier begelei om bemagtig te word deur op 'n metaforiese wyse ver-beeld-end met God om te gaan. Waar die toekomsverhaal steeds verduisterd bly, is ek van oordeel dat die pastor weer saam met die pastorant sal gaan kyk hoedat daar *waarde* geheg is aan die ver-beeld-ing van God, toe die storie van die verlede aanvanklik vertel was. Die pastor, wat saam-soekend met die pastorant oppad is na hoop, vra vanuit die toekoms-verhaal, wat nog verduister is, vrae aan die verledeverhaal. Met ander woorde, is die storie van die verlede bloot as 'n eie storie van verlies vertel, of vertel dit, as verduisterde toekomsverhaal, reeds die Eintlike Storie van verlies wat Jesus Christus mede-*ly*-dend in die teenwoordigheid *van* en *vir* mense gely het en daarmee saam die storie van Jesus Christus se oorwinning oor die verlies wat empaties saam met mense die pad kom loop wanneer hulle ly. In hoofstuk 5.3 hieronder word die verduisterde toekomsverhaal of ook die hedeverhaal aangedui as die *narratiewe teks*.

### 4.3.4 Die hervertelde storie van die verlede

Müller (2000:92) wys op die voortdurende *sirkulêre beweging* tussen verlede en toekoms, vanuit die perspektief van die hede. Op hierdie punt behoort die totale lewensverhaal, wat voorheen hooploos daar uit gesien het weens die intense belewenis van die verlies en die diepgaande emosies van rousmart, positief en hoopvol geherformuleer te word.

Die verhaal word geherformuleer, deurdat daar nuwe betekenisse aan die gebeure toegeken word. Boszormenyi-Nagy (1986:59) wys daarop dat daar 'n

gevaar daarin is om die storie op 'n oppervlakkige wyse te herformuleer. Daar behoort "fairness" (billikheid) aan die verledevehaal gegee te word. So sal die pastor byvoorbeeld die pastorant wat beleef het dat God 'n Regter is wat oordeel, straf en mense opsetlik verlies laat ly, hoopvol begelei om God metafories anders te ver-beeld. Die pastorant kan God ver-beeld-end ervaar as Iemand wat omgee en wat bereid is om uit liefde vir mense, as Mede-lyer saam met mense en in die teenwoordigheid van mense te ly. Die pastorant kan met gebruikmaking van 'n verskeidenheid van metafore (sien hoofstuk 3 hierbo) die teenwoordigheid van God in Jesus Christus ervaar as die geliefde, die minnaar, die bruidegom, die koning (nog soveel meer metafore) wat met die geloofsgemeenskap besig is, sodat hulle nou reeds heilig en onberispelik voor die aangesig van God kan lewe.

God behoort nie ver-beeld te word met enkele en selfs stereotipe metafore nie, maar mense behoort in God totaliteit te ver-beeld as 'n God wat medelye met gelowiges as die liggaam van God het, wanneer hulle ly. Daarom behoort die pastorant begelei en bemagtig te word om in sy of haar ver-*beeld*-ing van God, sy of haar ervarings te verbaliseer, te interpreteer en te internaliseer. Dit is niks anders as om begelei te word om die noodstorie van die verlede, hoopvol oor te vertel nie. Müller (2000:94) meen dat "[O]m te herformuleer is om persepsies te hervorm, om ons kognitiewe kaarte ... te verander. Dit gebeur nie maklik nie". Verandering kan nie sonder herformulering plaasvind nie. Herformulering is die hervertelling van 'n storie van die verlede. Dit is om die verhaal met hoop te herhaal. Hiervolgens stel Müller (2000:94) dat die hervertelde storie van die verlede nie noodwendig 'n spontane gebeure is nie. Daar is 'n " ... moeilikheidsgraad" opgesluit in die pastorant se hervertelling van die storie van die verlede. Trouens, dit is in die verwerking van die rouproses 'n pynlike ervaring om weer eens dít wat pyn veroorsaak het, te herbeleef en hervertel. Dit mag verskeie emosies aanwakker. Die hervertelde storie van die verlede is in 'n sekere sin niks anders as 'n *rouproses midde-in die rouproses* nie. Tog wil die nuwe rouproses hoop kommunikker midde-in die aanvanklike rouproses, omdat

dit die onthegting (ontmitologisering – kyk hoofstuk 3) van die hooploosheid is en die aanhegting aan die hoop wat Jesus Christus aan mense in nood bied.

Volgens Müller (2000:94-95) is daar twee wyses van herformulering. Die een noem hy die *metode van kreditering*, waardeur *onsigbare lojaliteite* uitgewys word. Die ander metode is die *eksternalisering van die probleem*. Hier sluit hy aan by White (1989:5) deur aan die probleem te dink as iets wat mense *buite hulleself sou beleef*. Lester (1995:139) dui aan dat herformulering (reframing) 'n konsep is wat uit die "neuro-linguistic programming" ontwikkel het. Om te herformuleer is om persepsies te vorm. Dit meen Müller (1996:131) is egter nie 'n maklike taak nie. In die Neuro-Linguistiese benadering praat Pat & Mike Matulovich (1993:37-38) van die hervertelde storie van die verlede as 'n "change history". Hiervolgens werk hulle dan 'n volledige handeling uit waarin die pastor die pastorant kan begelei om aan die hand van 'n *tydlyn* hom- of haarself te posisioneer. Die pastor kan aan die hand van hierdie metode, vrae aan die pastorant stel en hom of haar begelei en bemagtig. Stroup (1981:77) meen dat wanneer mense instaat is "to bring time to mind" en dus die verlede na die bewustelike bring, dit moontlik sou wees om vir God in hierdie proses raak te loop. Die Matulovich'e wys daarop dat verandering eers plaasvind die oomblik waar daar van die tydlyn af beweeg is en die pastorant met die verlies kon *dissosieer*. Hoewel die metode van Matulovich (1993:38) baie resepmatig voorkom, oordeel ek dat daar tog waarde daarin is deurdat die pastorant wat sy of haar storie van verlies oorvertel, unieke uitkoms(te) kan belewe.

Matulovich (1993:38), sowel as O'Hanlon (1994:19-29) wys uit dat die *sirkulêre beweging* wat die pastorant voortdurend uitoefen tussen verlede en hede 'n bydrae kan lewer tot 'n hoopvolle toekoms wat oopgesluit kan word. Tydens hierdie sirkulêre beweging is dit belangrik dat beide pastor en pastorant sal soek na alle beskikbare metafore waarmee die toekoms ver-beeld-end met hoop ontsluit kan word.

Müller (2000:95) meen "[D]it is 'n terapie wat mense aanmoedig om die neerdrukkende probleme te ervaar, te objektiveer en te personifieer". Wanneer die pastorant as 't ware buite die verliessituasie wat hulle gely het gaan staan en terugkyk daarna, gun hulle hulleself die geleentheid om nuwe storie oor hulleself en hulle probleme te ver-beeld.

### 4.3.5 Die ver-beelde toekomsverhaal

Müller (2000:99) sê dat: " ... om die bewustheid te hê dat God êrens uit die toekoms na jou toe aan die kom is, dít is om geloof te hê". Om die toekomsstorie in die hede te belewe, is om die verlede as reeds gerekonstrueerd en ontheg te beleef. Om die toekomsstorie in die hede te belewe, is om ver-*beeld*-end met God en in die teenwoordigheid van God op pad te wees na nuwe horisonne, vanuit 'n uitsiglose verlede.

Dit is, in die taal van Müller, die *padkaart*, waarmee die pastorant *opreis* is na môre. Müller noem hierdie padkaarte *metafore*. Om 'n nuwe toekomsverhaal te ver-*beeld,* sou beteken dat die pastorant begelei word om God metafories te ver-beeld. Daardeur word die on-sê-baarheid van 'n hooplose verlede, sê-baar gemaak in die hoopvolle daar-wees van Jesus Christus, die ver-*beeld*-ing van God, wat volgens die evangelis Johannes in 'n oomblik van hooploosheid gesê het: "Dit is volbring" (Joh 19:30). In die ver-beeld-ing van die Jesusstorie word die inligting van die kruis as die *Eintlike Storie van verlies*, aan die toekoms beskikbaar gestel as die *Eintlike Storie van wins*. Deur die ver-beeld-ende krag van metafore kan die verlede uitgedaag word om met God ver-beeld-end die nuwe toekoms vol hoop in te gaan.

"[M]aar ons moet onvermoeid voortgaan om toekomsverhale te help skep – verhale wat in pas is met die realistiese hoop van die evangelie" (Müller 2000:103). Die evangelie van Jesus Christus is die brug tussen verlede, die hede en die toekoms. In Jesus Christus word die hooplose storie van die verlede en die hoopvolle storie van die toekoms ontvou in die NÓÚ. Die *uiteindelike*

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

*gebeure* van Jesus Christus se weer-kom na die aarde, word ver-beeld-end die *eintlike gebeure* wat nou reeds hoopvol geleef kan word, omdat Jesus Christus alreeds een maal gekom het.

### 4.4 Pastorale strategie

"Die lewe is 'n reis. Wanneer 'n mens lewe, het jy vertrek, is jy op pad" (Müller 2000:8). Mense wat iewers heen op pad is, het altyd 'n storie om te vertel oor hulle belewenis van die reis. Soms is daardie storie een van vreugde wat oor en oor vertel word. Ander kere is die reisverhaal een van hartseer en ongeluk en verlies. So het elke mens wat verlies gely het, 'n storie om te vertel oor daardie *ongeluk* wat op die pad gebeur het. Soos wat daar ernstige en minder ernstige ongelukke gebeur, so sal mense wat verlies gely het, ook verskillend reageer ten opsigte van die aard en die intensiteit van die verlies wat gely is. Elke "insittende" het 'n eie storie om oor die "ongeluk" te vertel.

Müller (2000:99) is van mening dat " ... metafore 'n rol speel in die nadenke oor en ver-beelding van 'n toekomsverhaal ... Met beelde verbeel [ver-beeld] ons ons 'n nuwe werklikheid". Daarom dat die onderskeie Godsbeelde, of dan te wel ver-beeld-inge oor God, van waarde vir die rouproses kan wees. Die manier hoe mense God ver-beeld in die hede, vanuit die verlies van die verlede, het 'n invloed op die belewenis van hoop of hooploosheid in die toekoms. Hooploosheid is die blokkering en verstopping van hoop. Wanhoop is die immobilisering van hoop. Hoop daarteenoor is die ontdekking, die ver-*beeld*-ing dat die lewe in die teenwoordigheid van Jesus Christus betekenis het. Du Toit (1984:197) stel dit so: "[A]s God lewendig maak, doen Hy [God] dit deur dood te maak, as Hy [God] mense regverdig verklaar, doen Hy [God] dit deur hulle skuldig te verklaar". Die hoop van Christengelowiges kry betekenis in die paradoksale hooploosheid wat deur die kruis van Jesus Christus en in die anders teenwoordigheid van Jesus Christus by mense in nood ver-beeld word.

Metafore, as ver-beeld-ing van God, het nie 'n vaste betekenis nie. Die uitwerking daarvan kan ook nie voorspel word nie. Hierdie oortuiging verhoed die moontlikheid dat beide pastor en pastorant sal verval in 'n slaggat om die onver-beeld-bare God in beelde te probeer vasvang. Metafore wil hoogstens help om die verledestorie ter wille van die toekomsstorie te verstaan. Die verhouding tussen die persoon wat die verlies gely het en die res van die geloofsgemeenskap is van belang en word gedra deur die simbole wat daardie geloofsgemeenskap kommunikeer. In die rousmart van verlies behoort daar indringend gevra te word hoe die individu sowel as die geloofsgemeenskap verlies verstaan. Daar behoort ook gelet te word op die waarde wat verleen word aan onderskeie beelde van God as spesifieke simbole in verlies. Metafore is iets wat êrens begin en êrens eindig (kyk Müller 2000:72).

Die wyse waarop God in die rouproses ver-beeld word begin by 'n sekere beeld aangaande God, voor die verlies en eindig by 'n sekere beeld aangaande God, as gevolg van die verlies. Beide beelde, dié vooraf, sowel as dié tydens die verlies vra na nuwe interpretasie ter wille van 'n nuwe hoopvolle toekomsstorie. Dit vra dat die storie van mense midde-in verlies, oorvertel word aan die hand van die Eintlike Verliesstorie van die kruis. Sodoende dien die verlede as boustene in die rekonstruering en herformulering van die nuwe toekomsverhaal ten spyte van verlies.

'n Metafoor plaas op nuwe maniere relevansie tussen sake (Müller 1996:139). Derhalwe raak die metafoor die brug tussen die onbewuste en die bewuste, sodat die on-sê-bare, sê-baar word en hoop in 'n hooplose situasie gebeur. Ek sou, saam met Müller (1996:139), hoop gaan soek tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms. Jesus Christus se *bewus-wees-van* en *altyd-teenwoordigheid-by* mense in nood, hou sekere implikasies in vir die totale rouproses. Omdat die vrymakende genade van Jesus Christus vir mense in hulle sondenood weer nuwe hoop en sin bring, kan elke pastorant in elke rousmartsituasie weer en weer bely: "Ek is inderdaad uit genade gered. Hierdie

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

redding kom nie uit myself nie, dit is 'n gawe van God" (Ef 2:8 – eie verwoording). Dreyer (2000a:176) meen dat sin in 'n mens se lewe nooit konsant is nie en dat dit inderdaad moontlik is dat mense sin kan verloor.

## 4.5 Die bruikbaarheid van 'n narratief-pastorale benadering

Om van die insigte van die narratiewe benadering in die verwerking van rousmart te benut, dra na my mening daartoe by dat die pastorant hoopvol verryk kan word, ten spyte van die belewenis van velies. Daar is enersyds die *eintlike storie* van verlies wat die pastorant hooploos gelaat het, maar dan is daar ook die *Eintlike Storie* van verlies wat Jesus Christus aan die kruis beleef het, wat die pastorant tot nuwe hoop bevry en wat die narratiewe teks wil ontsluit tot 'n hoopvolle toekomsstorie.

Soos reeds gesê word God ver-beeld in en deur menslike stories/verhale. God word ervaar in die stories van mense. God is die outeur van alle menslike stories en daarom is daar in alle menslike stories die manifestering van God se genade terug te vind. Die totale Christelike geloof vertel die storie van God se liefde deur Jesus Christus. So simboliseer die angsstorie van Jesus in Getsemané, God se totale daar-wees by mense in hulle eie angsverhaal. Navone (1990:6-7) meen dat:

> The Gospel presents the way of the cross as Good News, as the pain grows that attends the process of self-transendence, as the birth-pangs that herald the new creation. We must not attempt to tell anyone of the meaning of suffering, as illuminated by the cross of Jesus Christ, until we have, for ourselves, appropriated the meaning by experiencing what it is to live out of the self-transcending and costly love of the way of the cross. That every person who has ever lived has lived out a story of storytelling and storylistening posits a comprehensive universe with a permanent meaning at the heart of things. The life story

> of Jesus Christ discloses that meaning to faith ... The life story of the crucified and risen Jesus is recognized ... as the icon and parable of God.

Die storie van die liefde van Jesus Christus aan die kruis en die uitwerking en invloed daarvan op die lewensstorie van mense, vergestalt beide in 'n persoonlike, sowel as interpersoonlike dimensie. Die persoonlike storie van Jesus Christus, is ook die interpersoonlike storie van mense wat hierdeur beïnvloed is. Hierdie interpersoonlike verhouding van Jesus Christus met mense, uitgedruk in die storie van Jesus, is na my mening die analogie en metafoor waarvolgens mense se eie storie midde-in lyding ver-beeld sal kan word.

### 4.5.1 Die storie van die soeke na die self

Trauma en verlies is altyd 'n skokervaring wat mense in hulle normale lewensgang stuit en ontwrig. Dit bring mee dat mense in nood, steeds aanhou om die sogenaamde "waarom"-vrae te vra. Daar is 'n voortdurende soeke na identiteit, na 'n betroubare self, wanneer verlies beleef word. Vir Stroup (1981:111) is *identiteit* en *storie(s)* inmekaar geweef. Mense word deur ander mense deur hulle stories geken. So meen Müller (1996:176) het elke mens 'n "kernstorie" wat deur verskeie aspekte soos die huwelik, werk, kultuur en seksualiteit beïnvloed word.

#### a) Die betroubare self

Navone (1990:63) beweer dat: "[H]uman needs are manifested as inner tensions", wanneer hy mense se strewe na hoopvolheid en sinvolheid midde-in lyding beskryf. Mense se onindrukwekkende, "onbetroubare" en hooplose storie roep na alternatiewe, na 'n meer betekenisvolle Storie.

#### b) Die outentieke self

Die onbetroubare self kan nie anders as om deur die Woord van God as die valse self uitgewys te word nie. Sonde, gebrokenheid, verlies, nood en rou roep

na herstel, na heling en gesondheid. Francis Bridger & David Atkinson (1988:275) stel dat: " ...the language of postmodernism has begun to pass into everyday usage ... Pastoral care and counseling are no exception". Vir hulle word post-moderne denke gekenmerk deur die narratief, waarheid, mag en die self. Hulle stel dat die narratief gereken word as 'n primêre kategorie van die post-moderne analise sowel as in die pastoraat, aangesien die narratief vorm gee aan menslike gebeure en deurdat dit hierdie gebeure verstaanbaar wil maak.

Naas die storie van gebrokenheid, aanvaar Christengelowiges altyd dat daar 'n ander Storie midde-in hulle eie storie sal wees. Die storie van Jesus Christus bied *toegevoegde waarde* aan die storie van mense. "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, díe wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God genoem te word" (Joh 1:12). 'n Lewe met Jesus Christus, as lewe *coram Deo*, behoort altyd verstaan te word in terme van groei, verandering en progressiewe ontwikkeling. In Jesus Christus sal mense se storie altyd 'n "meer as ... " wees. Mense kan nooit volledige wese met 'n eensydige storie wees nie. Die self behoort in diens gestel te word van die Self van Jesus Christus, ten einde hoopvol midde-in verlies te leef.

### 4.5.2 Die storie van die soeke na God

Die wyse waarop mense hulleself, ander, die wêreld en God ver-beeld, dui op die wyse hoe hulle daaroor voel en hoe hulle daaroor praat. Mense kan wat hulle belewe, nie anders uitdruk, uit-beeld of ver-beeld, as in hulle eie unieke stories nie. Ver-beeld-ing is 'n bewustelike gebeure. Dit geskied by wyse van die gesproke storie. Alles wat Jesus is en wat Jesus gedoen het en nog doen, is 'n bepaalde uit-beeld-ing van God. Volgens die evangelis Johannes sou Jesus in Johannes 14:9b sê: "Wie My sien, sien die Vader...". So is Jesus die "veelvuldige gesigte van God" waarmee die Skrif Jesus as mee-lydende God uitge-beeld. God se storie het vergestalt in mense se stories. Gevolglik word mense se stories hoopvol bevry deur die radikale immanensie van God in Jesus Christus. Dit word gesien in die storie van die Samaritaanse vrou by put van Sigar (Joh 4).

Sy was eers onwillig om aan Jesus water te verskaf, maar toe die Storie van Jesus betekenis aan haar storie gegee het, kon sy van haar aanvanklike storie (water skep) afsien en teruggaan dorp toe om vir mense 'n ander storie te vertel: "Is Hy nie miskien die Christus nie?" (Joh 4:29).

Wat na vore tree wanneer die storie van Jesus Christus die storie van mense beïnvloed het, is dat mense se nuwe storie groter en wyer invloede het as die aanvanklike storie sonder hoop. So byvoorbeeld het die Samaritaanse vrou se aanvanklike storie nie wyer trefkrag as die individu self gehad nie, terwyl die nuwe storie 'n gemeenskap daarby betrek het. Die storie van Jesus Christus wat op aarde geleef, gely en oorwin het, vertel nie alleen die storie dat dié God wat aanbid word, werklik bestaan nie, maar dat die radikaal immanente God in die bestaan van mense, hulle emansiperend met hoop wil laat leef. Jesus Christus se storie is die uit-beeld-ing van *hoe* God werklik is en *hoe* God werklik doen, sodat mense in die wyse waarop hulle God in hulle eie stories uit-beeld, die betekenis van die Werklike Storie sal kommunikeer.

Gevolglik wou Jesus se gelykenisse juis mense se verduisterde stories in lyn bring met God se Storie. Omdat God se storie in Jesus Christus vertel is, kan mense instaat gestel word om hulle eie storie te vertel. "On the assumption that every person is in an incipient story in search of his true story, Jesus Christ has empowered faith to imagine the way to our true life story as one of dying and rising for others in the life-giving Spirit of his love" (Navone 1990:41).

### 4.6 Herinterpretasie en hervertelling

Wanneer mense hulle storie(s) van verlies vertel, het die vertel-van-die-storie die potensiaal dat mense verryk sal word deur hoop te vind midde-in die situasie van hooploosheid. Dit is die oorvertel van 'n storie oor dít wat reeds gebeur het, met die hoop dat dít wat vorentoe weer gaan gebeur, beter sal wees. Mense vertel soms hulle storie(s) weer en weer met die hoop om nuwe betekenis daaraan te gee. Dit wat gebeur het (verlede), vertel hulle weer, met die hoop om dit nou

(hede) te herïnterpreteer en dit te ontsluit in 'n nuwe, hoopvolle storie (toekoms). Müller (2000:9) sluit aan by Niebuhr (1963) deur te stel dat:

> Die verlede en die toekoms is nie dit wat nie-meer-is-nie en wat nog-nie-is-nie. Albei is verlengstukke van die die teenwoordige. Die verlede is die steeds-teenwoordige en die toekoms is die reeds-teenwoordige. Die toekoms word die reeds-teenwoordige en die verlede word die steeds-teenwoordige in die verhale wat ons vertel. Die toekoms en die verlede word 'n spanningsvolle en kragtige NOU. Die verhale wat onthou word en die verhale wat verwag word, vorm die ervaring in die hede.

Ter illustrasie hiervan is die storie van die Emmausgangers (Luk 24:13-35) 'n voorbeeld. Die storie uit die verlede dat Jesus reeds vir drie dae dood is, het die toekomsverhaal so verduister dat hulle ervaring van die hede een van wanhoop en hooploosheid was (kyk Morris [1974] 1986:338), wanneer hulle met somber gesigte vir mekaar sê: "Ons het so gehoop ... " (Luk 24:21). Waar die storie uit die verlede toegesluit is, bly hoop *vir* die toekoms en *op* die toekoms ook uitgesluit. Stories van verlies behoort vertel en weer vertel te word. Stories van verlies, is gewoonlik stories wat opsoek is na hoop. Daar behoort nuwe betekenis (herïnterpretasie) aan die OU BETEKENISVOLLE VERHAAL, die Kruisstorie en God se teenwoordigheid by mense gegee te word sodat mense wat ly, hulle in die teenwoordigheid van God kan verbly (kyk Joh 10:10; 15:11; 20:31).